# INSKRYWINGSREëLS & REGULASIES

1. Die genre, REVUE, is ‘n gewilde teaterproduksie waarin musiek, dans, sketse en sang gekombineer word om ‘n vermaaklike produksie aan te bied. Regisseurs en organiseerders moet hiervan kennis neem en die revue op so ‘n manier aanbied om hieraan te voldoen. Hoe groter die groep in jou revue, hoe groter die moeilikheidsgraad. Dit gaan dus deur die beoordeelaars ingedagte gehou word.
2. Revue 2024 sal vanaf 12 tot 16 Augustus 2024 (Laerskole) en 19 tot 22 Augustus 2024 (Hoërskole) plaasvind in die Mardi Grasteater by Carnival City. Die finale rondtes sal op 28 Augustus 2024 plaasvind.
3. Revue 2024 is ‘n nasionale kompetisie vir alle laer- en hoërskole in Suid-Afrika. Laerskole is instansies wat onderrig verskaf vir Grade 1 tot 7 (maar kan ook laer en voorskoolse grade insluit), en Hoërskole vir grade 8 tot 12. Alle inskrywings moet onder ‘n geregistreerde skool ingeskryf word.
4. ‘n Inskrywingsfooi van R7,000.00 per skool is betaalbaar. Die skool/revue verstaan ook dat indien ‘n revue gekanselleer word, geen gelde terugbetaalbaar is nie. Betalings moet elektronies in die volgende bankrekening gedeponeer word: Lefra Produksies (Pty.) Ltd., Absa Bank, Springs-tak 632 005, Spaarrekening 937 443 1093. Die bewys van betaling moet jou inskrywingsvorm vergesel.
5. Lefra behou die reg voor om revues te keur wat wel in die televisieprogram sal verskyn. Dit is nie outomaties dat alle revues op televisie sal verskyn nie. Indien ‘n revue om die een of ander rede nie gekeur word vir televisie nie, word die revue steeds in die kompetisie toegelaat en sal alle kompetisiereëls steeds geld. Die organiseerders behou verder die reg voor om ‘n volle kategorie te kanselleeer.
6. Die sluitingsdatum vir inskrywings is streng Vrydag, 19 Julie 2024 om 16:00. Skole word aangemoedig om so gou as moontlik in te skryf.
7. Skole moet ‘n uittreksel van hulle revue doen. Die tydsduur is minimum 12 minute en maksimum 20 minute. **In uiterste gevalle, met goedkeuring, sal minimum van 10 minute aanvaar word maar glad nie minder as 10 minute nie!** Dit moet ten minste een individuele sangitem (wat ‘n minimum van 90 sekondes moet wees) insluit wat ‘n solo, duet, trio, kwartet of groepie kan wees wat verkieslik (maar nie noodwendig nie) saam met die dansers aangebied word. Die res van die aanbieding moet die genre revue weerspieël. Die klankbaan van die verkorte revue moet vooraf aan Lefra Produksies verskaf word vir keuring.
8. Skole mag meer as een revue-groep inskryf.
9. Skole kan in die volgende kategorië inskryf:
   a. Laerskole: Gr. 1 tot Gr. 7;
   b. Hoërskole: Gr. 8 tot 12.
10. Uitdunne, die uitkloprondtes en finaal sal soos volg plaasvind by Carnival City:

| **UITDUNNE - LAERSKOLE** | |
|---|---|
| Maandag, 12 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Dinsdag, 13 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Woensdag, 14 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Donderdag, 15 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| *Agt laerskole word gekies om deur te dring na die semi-finale rondte.* | |

| **UITDUNNE – HOëRSKOLE** | |
|---|---|
| Maandag, 19 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Dinsdag, 20 Augustus 2024 | • Uitdunne |

PARAFEER - SKOOL: ___________________

| | |
|---|---|
| Woensdag, 21 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| *Agt hoërskole word gekies om deur te dring na die semi-finale rondte.* | |

| **SEMI-FINALE** | |
|---|---|
| Vrydag, 16 Augustus 2024 | • 8 Laerskole in die semi-finale<br>• 4 Laerskole word gekies om deur te gaan na die finale rondte |
| Donderdag, 22 Augustus 2024 | • 8 Hoërskole in die semi-finale<br>• 4 Hoërskole word gekies om deur te gaan na die finale rondte |

| **FINAAL** | |
|---|---|
| Woensdag, 28 Augustus 2024 | • 4 Laerskole ding mee om eerste, tweede en derde plek<br>• 4 Hoërskole ding mee om eerste, tweede en derde plek<br>• Een algehele wenner word ook aangewys |

**11.** Skedules sal aan skole gestuur word teen Maandag, 29 Julie 2024.
**12.** Skole onderneem om by toegekende repetisie- en optredeskedules te hou en geen veranderinge sal aangebring word nie.
**13.** Skole onderneem om 'n uur voor die optreetyd gereed te wees vir optrede.
**14.** Indien skole deurdring na die halfeindrondte en finale rondte, onderneem skole om teenwoordig te wees en op te tree volgens die toegekende skedules.
**15.** Leerders wat deelneem aan Revue 2024 is totaal in die verantwoordelikheid van die betrokke skool en die skool sal volle verantwoordelikheid neem vir hulle leerders.
**16.** Pryse:
   a. Kontantpryse:
      - Prysgeld word soos volg toegeken:

| PLEK BEHAAL | LAERSKOOL | HOëRSKOOL |
|---|---|---|
| **Derde Plek** | • R2,000.00 | • R2,000.00 |
| **Tweede Plek** | • R3,000.00 | • R3,000.00 |
| **Eerste Plek** | • R5,000.00 | • R5,000.00 |

| | |
|---|---|
| **Algehele Wenner** | • Fondsinsamelingsopvoering in 2024/2025 |

   o Oppiwater Kunstefees 2025-kajuit:
      ▪ Wen-laerskool: een binnekajuit vir 2 persone vir die Oppiwater Kunstefees 2025
      ▪ Wen-hoërskool: een binnekajuit vir 2 persone vir die Oppiwater Kunstefees 2025
      ▪ Die idee is dat hierdie prys gaan vir die wen-laerskool en wen-hoërskool se revue-organiseerders. Die skoolhoof van die betrokke skool gaan egter die finale besluit hieroor neem.
      ▪ Die prys vir die Oppiwater Kunstefees 2025 sluit die volgende in:
         - 'n Binne-Kajuit vir 2 persone op die MSC Musica vir die Oppiwater Kunstefees 2025
         - Datums: 22 tot 27 Maart 2025
         - Vaart: Kaapstad – Namibië - Kaapstad
         - Drie etes per dag met peuselhappies soos deur MSC Musica aangebied word
         - Twee kaartjies na die produksies wat die wenners wil sien op die Oppiwater Kunstefees 2025
         - Alle belastings vir die vaart
         - Dekpartytjies
      ▪ Die prys sluit NIE die volgende in NIE:
         - Vliegtuigkaartjies na en van Kaapstad. Alle wenners moet self in Kaapstad kom en moet self by die hawe kom waarvandaan die MSC Musica sal vertrek;
         - Drankies en ekskursies;
         - Foto's, spa, internet, telefoonoproepe en enige ander dienste waarvoor die wenners MSC sal moet betaal.
      ▪ **LET WEL:** Die prys is nie oordraagbaar nie.

**17.** Beoordelaars gaan punte in die volgende kategorieë toeken (sien beordeelaarsvorm):
   a. Choreografie: 10
   b. Groepsang: 10
   c. Dans/beweging: 10
   d. Kostuums: 10
   e. Voldoen revue aan die genre REVUE: 10
   f. Vermaaklikheidswaarde: 10

g. Sangitem (solo, duet, trio of kwartet; moet ‘n minimum van 90 sekondes wees, maar kan ook langer wees): 10
h. Oorgange: 5
i. Gebruik van spasie: 5
j. Afronding en meelewing: 10
k. Algehele indruk: 10
l. TOTAAL: 100

***LET WEL:*** *Hoe groter die groep in jou revue, hoe groter die moeilikheidsgraad. Dit gaan dus deur die beoordeelaars ingedagte gehou word. Die sangitem moet ‘n minimum van 90 sekondes wees. Ons vereis slegs een solo sangitem, maar revues is welkom om meer as een solo sangitem in te sit indien u so voel. Die solo sangitem kan ‘n solo, duet, trio of kwartet wees.*

**18.** Beoordeling sal deur professionele beoordelaars gedoen word en die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal oor die uitslag gevoer word nie.

**19.** Revue 2024 sal op televisie (VIA; DSTV-kanaal 147) uitgesaai word en die skool gee toestemming dat die revue en alle ander materiaal uitgesaai mag word sonder enige vergoeding, en ook op sosiale media platforms te gebruik.

**20.** Alle musiekregte en enige ander kopiereg moet deur die skool verkry en betaal word en sodanige musiekregte en kopiereg moet aan Lefra Produksies ge-epos word na admin@lefra.com.

**21.** Elke skool sal ‘n beperkte aantal kaartjies vir toeskouers kry om te verkoop wat vroegtydig bevestig en betaal moet word. Skole word aangemoedig om ondersteuners te werf en ondersteuners mag plakkate en ander materiaal vertoon en gees te bou vir u optrede. Hierdie maak goeie TV-dekking vir u skool.

**22.** Elke skool sal ‘n volle, professionele klankbaan verskaf soos op die skedulering aangedui op CD of USB. Hierdie klankbaan moet Lefra bereik 10 dae voor u optreedatum.

**23.** Basiese klank en beligting sal verskaf word. Skole moet voor die spertyd soos op die skedulering aangedui sal word klank- en beligtingsplanne aan Lefra Produksies verskaf. Daar sal gepoog word om elke skool se beligtingsplan te akkommodeer, maar skole aanvaar ook dat indien dit nie moontlik is nie, alternatiewe beligting gegee sal word.

**24.** Slegs 30 minute sal aan die skool verskaf word na keuring om die revue tegnies in te trek en te repeteer. Skole neem kennis dat daar streng by hierdie repetisietye gehou sal word en geen afwyking sal toegelaat word nie.

**25.** ‘n Standaard verhoog met revue vlakke sal verskaf word. Aangesien daar nie tyd sal wees om enige veranderinge aan te bring nie, onderneem skole om hulle revue op die verskafde verhoog en vlakke op te voer. Skole word aangemoedig om vooraf na die verhoog te gaan kyk. Die datum en tyd sal vooraf aan alle deelnemers gekommunikeer word.

**26.** Skole is welkom om enige ekstra rekwisiete (“props”) of kleiner stelle te bring vir gebruik in die produksie om die spesifieke revue se karakter ten toon te stel mits dit in die toegelate tyd op die verhoog gebring kan word, en weer verwyder kan word. Borge se logo’s op die verhoog mag nie maskeer word nie. Geen skoolborge se logo’s mag in die revue vertoon word nie.

**27.** Skole onderneem om self hulle reis-, ete- en verblyfreëlings te tref en te betaal. Spesiale akkommodasiepakette sal aan skole gekommunikeer word.

**28.** ‘n Skool se deelname aan en nakoming van die inskrywingsproses is nie ’n ooreenkoms met Lefra Produksies om op die program te verskyn nie, of dat die program uitgesaai gaan word nie. Lefra Produksies het geen verpligting om die program te vervaardig nie en al word die program vervaardig, berus die verpligting nie by Lefra Produksies, ‘n moontlike uitsaaier of enige ander party om die program, met u skool daarin en enige verfilming daarvan, uit te saai of te gebruik nie. Skole tree totaal gratis op en geen vergoeding sal deur Lefra Produksies of ‘n moontlike uitsaaier aan die skool of enige persoon betaal word nie.

**29.** Die skool moet enige verbintenis aan ‘n moontlike uitsaaier, beoordeelaar of aan Lefra Produksies baie deeglik en duidelik op skrif verklaar. Dit sal nie teen die skool gehou word nie, maar het wetlike implikasies wat maak dat dit nie na die tyd uitgevind/verduidelik mag word nie.

**30.** Skole onderneem dat al die inligting soos in die vorm vervat, akkuraat is en te alle tye eerlik is. Indien ‘n skool gekies word om deel te wees van die program, gee die skool toestemming aan Lefra Produksies om ondersoek in te stel rakende die inligting wat verskaf is om sodoende die grondigheid daarvan te bepaal. Skole onderneem om hulle volle samewerking aan Lefra Produksies en aan ‘n moontlike uitsaaier te gee met enige ekstra aktwiteite wat benodig word om toe te sien dat die produksie ‘n sukses sal wees.

**31.** Deur die vorm in te stuur, stem die skool in, indien die skool gekies word, om aan die program deel te neem, om ’n vrywaringsvorm te teken wat aan Lefra Produksies (en sy lisensiehouers en regspersone, insluitend die moontlike uitsaaier) al die nodige regte en toestemming gee vir die volle tydperk van kopiereg (en daarna so lank moontlik) om die skool se bydrae as produk tot die program te kopieer, wysig en te gebruik tot eie diskresie as deel van die program – hetsy dit vir bemarking en promosie is en alle ander regte in die program, op watter manier ook al in die res van die wêreld, vir die res van tyd.

**32.** Die skool stem in om alle inligting rakende die aansoekproses vertroulik te hou en nie enige inligting met die publiek te deel nie – dieselfde geld vir sosiale netwerke.

PARAFEER - SKOOL: ____________________

33. Inskrywingsvorms word deur Lefra Produksies gehou en deur die skool se inskrywingsvorm in te stuur, gee die deelnemer aan Lefra Produksies toestemming om die inligting daarop vervat met 'n moontlike uitsaaier te deel. Lefra Produksies en die moontlike uitsaaier gaan enige persoonlike inligting slegs gebruik wanneer die skool se inskrywing gelees en oorweeg word vir hierdie seisoen, asook vir administrasie-doeleindes indien die skool se inskrywing gekeur word. Die skool sal ook alle kontakinligting van die ouers (e-pos sowel as selnommer) met Lefra deel, wat slegs gebruik sal word in 'n noodgeval. Geen persoonlike inligting sal gedeel word nie, behalwe in die geval waar ons verplig word of andersinds met toestemming deur die skool verleen. Die inligting word veilig bewaar ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting en ander toepaslike wetgewing.
34. Lefra Produksies se beslissing oor keuring vir die kompetisie is volgens hul eie diskresie en kan nie geáppelleer word nie. Lefra Produksies behou ook die reg om op enige gegewe oomblik, vir watter rede ookal, die beslissing aan te pas en om 'n skool met 'n ander te vervang.
35. Die sluitingsdatum vir inskrywings is Vrydag, 19 Julie 2024 om 16:00.
36. Die skool onderneem om volle verantwoordelikheid van dissipline ten opsigte van u deelnemers te neem.
37. Lefra Produksies sal per epos met die skool kommunikeer. Die webtuiste www.revues.co.za sal alle inligting bevat en skole onderneem om gedurig na die webtuiste te gaan om enige nuwe inligting daar af te laai.
38. Skole neem kennis dat waar Lefra Produksies genoodsaak is om veranderings aan skedules, reëls en regulasies, reëlings, optreetye, ens. te verander, dit noodsaaklik sal wees en so deur die skool aanvaar sal word. Die skool aanvaar ook dat deelnemers vir lang ure by Carnival City sal moet wees, en dat dit ook so aan die ouers gekommunikeer sal word.
39. Ek vrywaar hiermee Lefra Produksies, Carnival City, 'n moontlike uitsaaier en hul werknemers (wat insluit onafhanklike kontrakteurs besig met dienslewering, personeel, beamptes, organiseerders, aanbieders en beoordeelaars of enige ander derglike persoon wat betrokke is by die afrigting, organisering en reëlings van enige skoolaktiwiteite) teen enige eise met betrekking tot beserings, dood of skade (waarby gevolgskade en diefstal ingesluit is), wat deur genoemde deelnemer gely mag word tydens die vervoer na / of van die aktiwiteite of tydens die periode waarin die aktiwiteite aangebied word.
40. Omdat ons REVUE vir televisie verfilm, moet revues so realisties as moontlik aangebied word. Gebruik asseblief regte mikrofone wanneer u soliste sing. Nie selfgemaakte mikrofone of speelgoedmikrofone nie. Ons sal ook 'n aantal "regte" mikrofone by die Teaters beskikbaar hê. Dit is egter belangrik dat u soliste met u eie mikrofone oefen. Maak ook die deelnemers daarop attent, dat alhoewel hulle "mime" moet hulle steeds in die mikrofoon in sing. So na as moontlik by die mond. Spandeer asseblief tyd daaraan om die deelnemers goed af te rig. Dit moet lyk of hy/sy werlik "live" sing.
41. Wanneer die skool se revue uitgesaai word sal die skool poog om die een of ander promosiefunksie vir revuedeelnemers, leerders en ouers te reël. Die skool sal ook alle uitsendings met hul ouers kommunikeer deur die kanale beskikbaar.

PARAFEER - SKOOL: ___________________